SEISOENE VAN SEëN - OPSOMMING

GESKRYF DEUR JOLANI DU PREEZ - @verHOOG PRODUKSIES

Die storie speel aanvanklik af in ‘n sitkamer waar die gesin moedeloos sit met die wete dat alhoewel dit dié aand Oukersaand is, daar geen vreugde en geen atmosfeer van opgewondenheid heers nie. Die Pappa van die huis het sopas sy werk verloor. Ons leerken ‘n moedelose Pappa.

Die ouboet van die huis besef dat sy gesin GENADE nodig het. Hulle het hul GELOOF, HOOP en LIEFDE verloor en hy gaan dit vir hulle soek.

Ons leerken ook vir Ouma wat haar dae om bid vir haar kinders. Voordat boeta die reis onderneem, gee Ouma vir hom ‘n mostertsaadjie in ‘n botteltjie met die woorde “Sien dit as ‘n leidraad om jou geloof terug te kry…”

Boeta se reis gaan draai by elke seisoen: hy’t GENADE in die herfs gekry, GELOOF in die winter, HOOP in die Lente en uiteindelik LIEFDE in die Somer.

Sy pad kruis met die reënboogdansers wat hom bewus maak daarvan dat hy die belangrikste vergeet het. Sy vertel vir hom dat dit nie help as mens GELOOF, HOOP, LIEFDE en GENADE het maar jy ken nie vir Jesus nie. Sy sien die mostertsaadjie in sy hand en deel met hom die les wat Ouma juis wou gehad het hy moet leer: As jy vir Jesus ‘n kans in jou lewe gee, ‘n kans so klein soos die mostertsaadjie, dan sal GELOOF, HOOP, LIEFDE en GENADE in jou lewe so groot groei soos die grootste mostertboom.

Terug by die huis deel Boeta sy ervaring en lesse met die res van sy gesin. Hulle begin ‘n nuwe tradisie en versier in die plek van die wêreldse kersboom die mostertboom met die woorde wat boeta in hout uitgesny het wat hulle aan die boom hang: GELOOF, HOOP, LIEFDE, GENADE en heelbo aan die boom die belangrikste van alles, die naam JESUS.

Die atmosfeer in die huisgesin is skielik vol vreugde en ‘n opgewondenheid heers. Ouma kom op ‘n brief af waarin geskryf staan dat die Pappa se aansoek om betrekking by ‘n firma suksesvol was. Die gesin jubel van vreugde en Boeta sluit die storie af met die woorde:

Dankie Jesus vir ‘n helder somerkersfees en vir 4 Seisoene van seën.

Kopiereg voorbehou